Gauteng Onderwysdepartement

# Laerskool Elspark

Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za
Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2025-02-05

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN FEBRUARIE 2025

### LEERLINGVEILIGHEID – ME BRITZ

Ons doen asb. 'n beroep op u as ouer/voog om in die oggende u kind by die hekke af te laai. Indien u saam met u kind na sy/haar klas beweeg vra ons dat u asb. dadelik daarna die terrein sal verlaat. Dit maak dit baie moeilik indien ouers op die terrein rondbeweeg om ons leerlinge veilig te hou.

Ons vra ook dat wanneer u, u kind kom afhaal in die middag u asb. van die wagareas gebruik sal maak om te wag en nie voor die klas sal staan nie.

Baie dankie vir u samewerking

### AKADEMIE – ME BRITZ

Ons toetsreeks gaan binnekort begin. Leerlinge sal volgende week die afbakening asook die rooster ontvang. Hierdie eerste toetsreeks word in die registerklasse geskryf en die res van die dag word normaal gewissel en bied 'n gulde geleentheid om die jaar goed af te skop.

### SKOOLGELDE VIR 2025 – MNR PRETORIUS

Kennisgewing:
Eerste state is eers beskikbaar aan die einde van Februarie. Skoolgelde vir Januarie en Februarie is reeds betaalbaar.

Uitstaande gelde!!!
Daar is ouers wat agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde was reeds betaalbaar.

***Bankbesonderhede:***
***ABSA Bank***
***Tjekrekening no: 230 301 360***
***Takkode: 632005***
***Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad***

**Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark CMM Attorneys (Prokureurs) gebruik om al die oorhandigings te hanteer.**

ABBA OUERS:
Baie dankie aan ons ouers wat instaan as abba ouers ten opsigte van minder bevoorregte kinders se skoolgeld en ander uitgawes. U ondersteuning word waardeer! Indien daar nog ouers is wat hierby betrokke wil raak, kan u die kantoor kontak of eenvoudig 'n addisionele bedrag op u skoolgeld betaal.

Onthou elke ekstra R10 help. DANKIE! DANKIE! DANKIE! ***Onthou net asb. om Me Wessels in kennis te stel indien u 'n ekstra bedrag inbetaal vir 'n minder bevoorregte leerling.***

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

**NB!** Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansieskantoor.

## ATLETIEK - ME NOVELLIE

Ons laaste byeenkoms voor Interlaer vind plaas op 6 Februarie by Germiston Stadion teen Laerskool van Dyk en Kempton Laerskool.

***Byeenkomste is as volg:***

| | | |
|---|---|---|
| Donderdag, 13 Februarie | Interlaer | Boksburg Stadion<br>Geen Akademiese program |
| Vrydag, 21 Februarie | BLAV | Boksburg Stadion |
| Donderdag, 27 Februarie | D6 | Germiston Stadion |

## MINI-NETBAL – ME T. GROBLER

Mini-netbal oefening vir Gr. 1 - 3 dogters neem 'n aanvang op Maandag, 17 Februarie.

Oefentye is as volg:
0/7 en 0/8 13:30 tot 14:15
0/9 13:40 tot 14:30.

Dogters moet asb. gemaklike klere, water en tekkies bring. Alle 0/7, 0/8 en 0/9 dogters is welkom om te kom oefen.

## NETBAL– ME DU TOIT

Netbaloefening begin Maandag, 17 Februarie vir die Gr.4 tot Gr.7 toergroep dogters asook enige belangstellende dogters.

Maandae- Donderdae 13:45- 14:45.

## RUGBY – MNR BOTHA

Ons O/9 en O/10 spanne toer 28 en 29 Maart 2025 na Laerskool Delmas. Die kostes beloop R600 per seun. Betaal asb. so spoedig as moontlik.

Ons O/11 en 1ste spanne toer 27 tot 29 Maart 2025 na Marble Hall. Die kostes beloop R1 900 per seun. Betaal asb so spoedig as moontlik.

***Belangrike datums vir kwartaal 1:***

| | |
|---|---|
| 7 Februarie | Rugby funksie O/11 en 1ste spanne in skoolsaal |
| 20 Februarie | Rugby vriendskaplik vs Laerskool Oosterkruin (Weg) |
| 22 Februarie | Rugby vriendskaplik vs Laerskool Baanbreker (Weg) |
| 27 Februarie | Rugby vriendskaplik vs Laerskool Delville (Tuis) |
| 3 Maart | Rugby vriendskaplik vs Laerskool Die Arend (Tuis) |
| 8 Maart | Rugby Superreeks by Laerskool Krugersdorp Noord |
| 11 Maart | Rugby Vriendskaplik vs Laerskool Jan van Riebeeck (Weg) |
| 21 Maart | Rugby Superreeks Uitspele by Hoërskool Dr Malan **(VAKANSIEDAG)** |
| 27 – 29 Maart | Rugby toer O/11 en 1ste span na Marble Hall |
| 28 – 29 Maart | Rugby toer O/9 en O/10 na Laerskool Delmas |

**SKAAKPROEWE – ME FANOE**

| | |
|---|---|
| Maandag, 17 Februarie | 0/9 seuns en dogters (Gr. 1-3) |
| Dinsdag, 18 Februarie | 0/11 seuns en dogters (Gr. 3-5) |
| Woensdag, 19 Februarie | 0/13 seuns en dogters (Gr. 6-7) |

Plek : Skoolsaal.

Tyd: 13:35 – 14:35

*Bring 'n afskrif van jou ID en kom skryf in vir die skaakproewe by juf Fanoe (K17) voor 17 Februarie.*



**KOOR – ME NELL**

Juniorkoor oudisies vind plaas in die saal op 20 en 27 Februarie 2025 by Me Nell. Suksesvolle kandidate sal 'n briefie ontvang

Juniorkoor oefening begin die tweede kwartaal op Donderdae middae om 13:30-14:15 die saal

**BOOGSKIET – ME JACOBS**

| | |
|---|---|
| 15 Februarie | Kolle Kompetisie, Laerskool Doringkloof, Centurion |
| | Koste: R75, Sluitingsdatum: 10 Februarie |
| 22 Februarie | Kolle + 3D Kompetisie, Laerskool Elspark |
| | R75 elk (R150), sluitingsdatum: 17 Februarie |
| 1 Maart | Kolle Kompetisie, Centurion |
| | Koste: R75, Sluitingsdatum: 24 Februarie |

**OUMA- EN OUPADAG – ME H. GROBLER**



Ons gaan op Vrydag, 14 Maart 'n Ouma- en Oupadag hou vir Gr. 1 - 3 leerlinge se oumas en oupas!!!

Indien daar enige persoon/instansie is wat ons kan help met borge/donasies sal dit hoog op prys gestel word. Dit sluit in geskenkies, eetgoed ens.

Vir verdere inligting in verband met die reëlings kan u Me Grobler kontak by helene@elsies.co.za

**VALENTYNSHOP – ME KOMEN**



**VRYDRAGHEMDE - ELSIEGEAR**




Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof